WORCESTER KERSFEESMARK

NG Kerk Worcester-Oos
Durbanstraat 5
WORCESTER
6850
TEL: 023 347 2569

KONTAKPERSOON
Elzette du Toit
SEL: 072 395 8114
FAKS: 086 765 1495

Liewe Uitstaller

Ons kan nie glo dit is al weer tyd om te beplan vir die jaarlikse Kersfeesmark nie. Die Worcester Kersfeesmark is 'n gevestigde mark wat die laaste paar jaar 'n gemiddelde omset van meer as R1,9 miljoen gehandhaaf het - hiervoor is ons baie dankbaar. Ons wil u hiermee uitnooi om deel te wees van hierdie suksesverhaal. Die datums vir vanjaar is as volg: Woensdag, 18 November tot 1 Desember 2020. **Opstel van tafels en uitstallings geskied op Dinsdag, 17 November 2020**.

Ons is op die stafiekoderingstelsel wat als omtrent die betaling en die merk van artikels bespoedig. Ons voorsien ook 'n diens waar u elke aand van die dag se verkope op hoogte gehou word. Ons fooie vir die 12 dae – vir die duur van die mark – is R550 per tafel en R300.00 'n halwe tafel. Die grootte van die tafel is 176cm x 75 cm. Ons kommissie is 18 % van u omset. Persone wat juweliersware uitstal en self hul tafels beman, moet 13% kommissie van u omset afstaan.

Aangeheg is die aansoekvorm wat asb. volledig voltooi moet word. Indien u vir meer as een tafel aansoek doen, waarop verskillende produkte te koop aangebied gaan word, maak asb. van 'n tweede aansoekvorm gebruik. Alle vorms moet asb. terug gepos/epos of gefaks wees op 15 Mei 2020. Dit vergemaklik die administrasie indien ons u aansoek vooraf ontvang. U sal ook op die verskeie keuringsdae kan aansoek doen.

- ***Worcester keuring*** vind plaas op **Saterdag**, 16 Mei 2020 vanaf 09:00 – 11:00 vir alle kategorieë.
-
- Ons keur te ***NG Kerk Bellville-Wes, 8ste laan, Boston*** op **23 Mei 2020**. **(Keuring gereël deur Craft X-Po, Bellville).**

Keuringstye vir die verskillende katetorië.

U moet asseblief 10 minute voor die tyd daar wees.

08:00 Kaartjies, Kersfeesversierings, Papier , Kartonware en Boeke.
09:00 Eetgoed, Souse, Drinkgoed, Lekkers **(Houer met proegoed vir Worcester gemerk asb)**
10:00 Juwele, Badprodukte en Kerse
11:00 Naaldwerk, Lapverf, Breiwerk en Hekelwerk.
12:00 Metaalwerk, Leer, Rottang , Plante en Skilderye.
14:00 Speelgoed, Houtwerk, Muurbehangsels en Rame.
15:00 Porselein, Glas, Pottebakkerswerk, Mosaiek en Allerlei

Daar is koffie, koeldrank en eetgoed te koop op die keuringsdag .

Ons keur ook saam met **Lourensrivier, Strand** op **30 Mei 2020.**

- **Keuringstye vir Lourensrivier, Strand: (Let asb daarop dat u 15 minute voor die tyd daar moet wees om artikels betyds te kan uitpak). Plaas asb u naam en kontakbesonderhede duidelik op u tafel.**

09:00 Juwele, Krale
10:00 Naaldwerk, Lapverf, Breiwerk en Hekelwerk
11:00 Kerse, Pottebakkery, Glas, Plante, Droë Blomme, Porselein en Badprodukte
12:00 Eetgoed **(Houer met proegoed vir Worcester gemerk)**
14:00 Hout, Metaal, Leer, Rottang, Rame en Speelgoed
15:00 Skilderye, Kaartjies, Allerlei Geskenke en Kersversierings

- **Meld asb. duidelik op u aansoekvorm waar u gekeur wil word**.

Keuring:

- Pryse van produkte moet duidelik op die produk sigbaar gemerk wees
- Bring asb. u eie tafeldoek om produkte op uit te stal
- Net gekeurde items mag op die mark verkoop word
- Pryse mag nie voor of gedurende die mark gewysig word nie. Rond pryse asb af tot die naaste rand
- Die hoogtes en lengtes van staanders moet asb. op die aansoekvorm aangedui word.
- Billike pryse – die mark is gemik op die verkoop van geskenke vir die hele gesin en artikels wat uniek, van kwaliteit en handgemaak is, sal voorkeur geniet. Duur items verkoop moeilik.
- Geen artikels wat aanstoot mag gee, hetsy in woorde of vorm sal toegelaat word nie.

Kosprodukte moet asb. van die volgende voorsien word:

- Vervaldatum
- Hoe die produk gestoor moet word – voor en na oopmaak daarvan
- Lys van bestanddele

Tref asb. reëlings met iemand om u produkte te kom voorlê indien u nie self teenwoordig kan wees nie. U moet steeds vir keuring kom al het u voorheen by ons mark uitgestal. Voorkeur sal aan handgemaakte produkte gegee word. Tydens keuring sal streng hierop gelet word.

U sal teen die einde van Junie 'n antwoord van ons ontvang i.s. die keuring.
Registrasiegeld is betaalbaar voor of op **31 Augustus 2020**.

'n Meer volledige brief i.v.m. tye en reëls sal aan u verskaf word na afloop van die keuringsproses.

Voorwaardes waaraan u moet voldoen vir die duur van die mark

- Voldoende voorraadvlakke moet vir die volle duur van die mark gehandhaaf word – die feit dat u aan ander markte in dieselfde tydgleuf deelneem, mag nie enige invloed op u voorraadvlakke hê nie. 'n Addisionele boete van tot 30% kan op u omset gehef word indien u uself skuldig maak hieraan.
- 'n Boete van R200 sal gehef word vir foutiewe "barcodes"/prysetikette van ander markte of eie "barcodes" wat nie geskandeer kan word nie. Oponthoude word onnodig hierdeur by die betaalpunte veroorsaak.

- Uitstallers hoef nie voltyds by die mark teenwoordig te wees nie, maar daar word van elke uitstaller verwag om **twee diensbeurte** gedurende die mark te doen of indien u nie dit kan doen

nie, kan u vooraf 'n diensfooi van **R100 per diensbeurt** maw jy betaal R200 vir diensbeurte, betaal sodat studente in u plek gereël kan word. Uitstallers van duur juweliersware is self verantwoordelik vir toesig by hulle uitstalling.

- Die koördineerder en komitee van die kersmark is nie verantwoordelik vir enige verliese gely tydens die duur van die mark nie.

Daar word wyd reklame gemaak vir die mark op sosiale media, plaaslike pers, radio, plakkate en strooibiljette.

Bid asb. vir almal, dit sluit die uitstallers in, asook die gemeentelede wat betrokke is by die besluite en reëlings i.v.m. die Kersfeesmark. Alle seën en voorspoed met u voorbereiding. Ons sien uit daarna om u in ons midde te hê.

Vriendelike groete

Elzette du Toit
Nms. Worcester Kersfeesmark Komitee

WORCESTER KERSFEESMARK REGISTRASIEVORM

18 November – 1 Desember 2020. Opstel van uitstalling op **Dinsdag, 17 November 2020**.

Hierdie vorm moet asb. volledig voltooi word!
Alles wat u te koop wil aanbied, moet op die lys verskyn.Geen allerlei nie, spesifiseer asb.

Naam en Van : .....
Posadres: .....
.....

Tel (H) (.....)..... (W) (.....).....
Selfoon ..... (Faks) .....
E-pos adres: .....

Tafelgrootte: Vol tafel [ ] Halwe tafel [ ] Bedrag: R.....

Ander uitstal ruimte (spesifiseer) .....

Hoogte …….. Wydte …….. van alle staanders – ook die wat op die tafel staan. Staanders moenie langer en wyer as 'n tafel (170 x 80cm) wees nie. Losstaande staanders is addisionele spasie.

Keur te: Worcester ..... Bellville-Wes ..... Lourensriver.....

ITEM	**BESKRYWING**	**VERKOOPPRYS**
Bv 1. Skinkbordlap	*Enkel*	*R10-00*

....
Handtekening Datum

Stuur u aansoek aan: Faks aan 086 765 1495 of per e-pos aan kersmark@ngkworcoos.org.za. NG Kerk Worcester Oos Kersmark, Durbanstr 5, Worcester, 6850 of handig by die kerkkantoor in (08:00 – 13:00). U kan ook op die kerk se webbladsy – www.ngkworcoos.org.za registreer.